

GEMEENTE.

LES 12

1	GEBED
----------	-------

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYE]</i> 2 KORINTIËRS 7 - 10
----------	--

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (2 Korintiërs 7 - 10). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3	MEMORISERING (5 minute) <i>[SLEUTELVERSE IN JOHANNES]</i> REPETEER DIE BYBELVERSE IN DIE JOHANNES-EVANGELIE
----------	--

Repeteer twee-twee die laaste 5 Bybelverse wat jy uit die Johannes-Evangelie uit jou kop geleer het.

- (1) Johannes 1:14. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.
- (2) Johannes 1:16. Uit sy oorfloed het ons almal genade op genade ontvang.
- (3) Johannes 2:25. Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.
- (4) Johannes 3:16. God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê.
- (5) Johannes 4:24. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.

4	BYBELSTUDIE (85 minute) <i>[EVANGELIE VAN JOHANNES]</i> JOHANNES 4:1-54
----------	--

Inleiding. Johannes 4:1 - 54 beskryf hoe Jesus Christus Hom aan die Samaritane openbaar. Johannes 4:43-54 beskryf hoe Jesus Christus Hom aan die Galileërs openbaar. Daar is opmerklike verskille tussen hoofstuk 3 en hoofstuk 4 van Johannes se evangelie. In Johannes 3 praat Jesus Christus met 'n man (Nikodemus) wat 'n Jood was en volgens hoë morele standaarde geleef het. Maar in Johannes 4 praat Jesus met 'n vrou wat 'n Samaritaan was en 'n swak morele lewe gelei het.

STAP 1. LEES.	GOD SE WOORD
Lees. Ons gaan Johannes 4:1 - 54 saam bestudeer. Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.	

STAP 2. ONTDEK.	WAARNEMINGS
Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK? Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART? Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daarvoor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudienotaboek. Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het. Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.	

4:10

Ontdekking 1. Die verskil tussen gewone water en die lewende water wat Jesus Christus gee.

In Johannes 4:10 het Jesus gesê: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My ’n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.” Toe Jesus oor die lewende water praat, het die Samaritaanse vrou gedink aan die gewone water wat uit die put kom. Sy het gedink dat Jesus praat oor water wat diep onder in die put opborrel. Daarom sê sy dat Jesus nie ’n emmer of tou het om die water uit die put te haal nie

Die aartsvader Jakob het skynbaar hierdie put gegrawe en die vrou het gevra of Jesus dan groter is as Jakob. Jesus het vir haar gesê: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ’n fontein wees met water

wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.” Jesus het gepraat oor die lewende water wat verlossing gee, naamlik, die Heilige Gees. Gewone water kan die dors nie les nie, maar die lewende water bring ewigdurende tevredenheid. Gewone water bly buite jou siel (gees) en kan jou behoeftes nie vervul nie, maar die lewende water (die Heilige Gees en die verlossing, alle geestelike seënninge en die ewige lewe wat Hy gee) kom in jou siel (gees) en vervul jou diepste behoeftes. Gewone water verdwyn wanneer jy dit gedrink het, maar die lewende water bly en word ’n fontein wat nie ophou om op te borrel nie. Dit bly jou verfris en vervul.

Ontdekking 2. Hoe Jesus Christus hierdie vrou gewen het om in Hom te glo.

In Spreuke 11:30 staan geskryf: “Wie die wil van die Here doen, is ’n bron van lewe; die mens wat wysheid het, red lewens.” Jesus het ons ’n voorbeeld gegee hoe om ’n lewe te red, hoe om die siel van hierdie Samaritaanse vrou te vang (wen). Op sy pad van Judea af na Galilea toe, moes Jesus deur Samaria gaan. Op ’n namiddag sit Hy moeg en dors by ’n put, terwyl sy dissipels na ’n dorp daar naby geloop het om iets te ete te koop. ’n Immorele Samaritaanse vrou het gekom om water uit die put op te trek en Jesus het met haar gepraat omdat Hy haar siel wou vang (wen) vir sy koninkryk.

(1) Eers wek Jesus haar simpatie deur ’n sluk water uit haar kruik te vra. ’n Effektiewe manier om in iemand se hart in te kom, is om hom of haar te vra om iets vir jou te doen of ’n guns aan jou te bewys. Jesus kombineer beide moontlikhede deur gewoon van haar ’n bietjie drinkwater te vra en aan haar die lewende water aan te bied.

(2) Daarna wek Jesus haar nuuskierigheid deur te sê: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My ’n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het” (vers 10). Die vrou het gedink dat Jesus ’n (selfvoldane) Jood was, maar hulp nodig het en dat sy, ’n Samaritaan (in sy oë ’n veragte mens), instaat was om hom te help. Maar Jesus keer die rolle om en sê dat sý die mens met die behoefte is en Hy die Een is wat hierdie behoefte kon vervul. Dit maak haar nuuskierig. Die manier om mense nuuskierig te maak is om hulle te vertel wie God is en wat Hy vir hulle wil gee.

(3) Jesus stimuleer haar behoefte aan bevrediging deur te sê: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom ’n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee” (vers 13-14). Jesus stel die lewende water teenoor gewone water. Gewone water kan die (siele) dors nooit les nie. Dit bly buite jou siel en vervul dus nooit die diepste behoeftes van jou siel nie. As jy dit gedrink het, verdwyn dit. Maar die lewende water bring ewigdurende tevredenheid. Dit gaan tot in jou siel en vervul jou diepste behoeftes. Dit word selfs ’n fontein wat nie ophou vloei nie, maar verfris en bring ’n diep vervulling. Die manier om iemand se verlange na diepe bevrediging te stimuleer is om die ewige lewe te stel teenoor die gewone lewe.

(4) Jesus raak haar gewete aan deur haar ’n vraag te vra oor haar huwelik. Jesus het geweet dat sy nie dors na die lewende water sou kry solank sy geen sondebeseft het nie. Maar toe Jesus haar ’n vraag oor haar man vra, is haar gewete geraak en voel sy skuldig, omdat sy nie ’n man het nie, maar wel immoreel met manne omgaan. Sy het ’n immorele lewe gelei. Die manier om ’n opregte verlange na verlossing te wek, is om mense te help om bewus van hulle sondes te word.

(5) Jesus het bietjie vir bietjie openbaar wie Hy was. Sy geleidelike selfopenbaring bring haar om geleidelik haarself vir Hom oop te maak en haar sondes (haar misstappe, foute, afgode, verslawings) te bely. Eers het sy gedink dat Hy net maar ’n Jood was, toe beseft sy dat Hy ’n profeet is en uiteindelik dat Hy die Messias (die Verlosser) is!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Johannes 4:1 - 54 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen ’n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

4:20-24

Vraag 1. Wat is ware geestelike aanbidding?

Aantekeninge.

(1) Die plek waar Christene God aanbid.

Die Jode en die Samaritane het gedink dat die plek waar jy God aanbid baie belangrik was. Hulle het geglo dat hulle God in ’n spesifieke gebou moes aanbid en dat die gebou in hulle land moes staan. Die Jode het geglo dat God in die tempel in Jerusalem aanbid moes word. Die Samaritane het geglo dat God in die tempel op die Gerisimberg aanbid moes word. Dink maar aan tempels in Indië, moskees in Turkye en kerkgeboue in Afrika. Maar Jesus het haar

geantwoord: “daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen” (vers 23). Jesus het geleer dat dit nie gaan oor die plek waar mense God aanbid nie, maar oor die gees (die gesindheid waarin) en die waarheid (die eerlikheid waarvolgens) hulle aanbid! Daarom word ware geestelike aanbidding nie belemmer deur die fisiese omstandighede (die plek) nie, maar wel deur die verkeerde hartsgesindheid en leuens waarvolgens mense aanbid. Christene aanbid God oral: in hulle huise, in kerkgeboue, in skole, in gevangnisse en in die ope lug.

(2) Die waarheid waarvolgens Christene God aanbid.

Die manier waarop ons menslike gees aanbid, word bepaal deur die waarheid aangaande die Objek van ons aanbidding. Mense aanbid God. Maar Wie is hierdie God? Wat is die waarheid aangaande hierdie God? Die waarheid is nie maar net wat godsdienstige mense oor God dink, sê, skryf of glo nie, maar is nét wat God van Homself aan die mens geopenbaar het in die skepping en in sy Woord (die Bybel)(Psalm 19). God het Hom aan die mens geopenbaar. Mense kán weet Wie die ware God is, wat sy eienskappe (attribute, kenmerke), sy woorde en sy daede is (Hebreeërs 1:1).

Een van die waarhede wat die God wat Homself in die Bybel geopenbaar het, is dat God Gees is. God is in sy wese nie 'n gees wat in 'n gebou woon, of 'n boomgees, of 'n berggees of 'n tempelgees nie. Hy word nie aanbid deur 'n afgodsbeeld of onder 'n spesifieke boom, of in 'n tempel in een of ander sogenaamde heilige plek nie. God kan nie omskryf (gedefinieer) word in terme van wiskundige getalle of fisiese wette m.b.t. materie, energie, ruimte en tyd nie, omdat God volkome en volmaak Gees is en die wiskundige en fisiese werklikhede geskep het en dus hierdie wiskundige en fisiese werklikhede onmeetlik ver oortref. God is nie die godheid van 'n bepaalde wêreldgodsdienst nie; nie die godheid van één bepaalde profeet of stigter of leier nie, omdat Hy Homself geopenbaar het in sy eie skepping en in die menslike geskiedenis, deur al die profete in die Ou Testament en uiteindelik deur die menswording van Jesus Christus.

God het Homself sigbaar geopenbaar aan:

- Abraham in 'n visioen (Genesis 15:1)
- Hagar en Ismael in die Engel van die Here (Genesis 16:7-13)
- aan Abraham in drie manne (Genesis 18:1-14)
- Moses in 'n brandende doringbos (Eksodus 3:2-6)
- die Mens Jesus Christus (Joannes 1:1,14; Johannes 14:9-10)

God het sonder om sy goddelike natuur te los, die menslike natuur daarby aangeneem en Hy het sy eie skepping en in die menslike geskiedenis ingetree in die Here Jesus Christus.

God behoort aanbid te word soos Hy Homself in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het. God is volledig en volmaak geestelik in sy wese. Hy het geen liggaam nie en kan ook nie normaalweg deur mense gesien word nie. Hy is uniek, Hy alléén is God (Deuteronomium 6:4). 'n Ander 'god' of 'verlosser' bestaan daar eenvoudig níé (Jesaja 43:10-11)! Hy is onafhanklik en het niemand nodig om Hom te dien nie (Handelinge 17:24-25). Hy is 'n Persoon en mense gaan op 'n persoonlike wyse met Hom om. Mense kan nie in Hom opgaan of oplos op 'n panteïstiese wyse nie. God behoort opreg aanbid te word soos Hy Homself in die skepping, in die Bybel en in Jesus Christus geopenbaar het.

In Johannes 4:24 sê Jesus, “God is gees (of Gees) en wie Hom aanbid, moet Hom in gees en waarheid aanbid.” Daarom is regte aanbidding gerig op die ware God soos Hy Homself in sy skepping, in die Bybel, in Jesus Christus en in sy verlossingswerk deur Jesus Christus geopenbaar het.

(3) Die gees waarin Christene God aanbid.

Die houding waarmee die gees van Christene God aanbid word bepaal deur hulle gehoorsaamheid aan God se waarheid m.b.t. die wyse van aanbidding. Daar is godsdienste wat spesifieke liggaamshoudings in gebed voorskryf, die vasgestelde woorde, formules of mantras voorskryf, bepaalde heilige aanbiddingsplekke voorskryf, spesiale godsdienstige feeste voorskryf, godsdienstige wette m.b.t. kleredrag, eet, drink, vas, pelgrimsreise en die gee van geld voorskryf. Byvoorbeeld, die Jode skryf voor dat Jode moet staan en met opgehewe hande moet bid, of kniel in die rigting van Jerusalem, drie verpligte pelgrimsreise per jaar na Jerusalem toe moet onderneem, geen onrein voedsel mag eet nie, twee maal per week moet vas, en drie verskillende tiendes van hulle inkomste moet gee!

Maar God is nie met elke vorm van godsdienstige tevrede nie! Gemeentes mag nie sommer 'n willekeurige metode van aanbidding gebruik nie. Byvoorbeeld, in Jesaja 1:13-15 sê God: “Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor. As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek.” Daarom moet Christene nie 'n uiterlike vertoning van hulle aanbidding maak nie. Dit moet innerlik wees. Christene behoort God te aanbid met 'n gees van opregte berou, deur hul sondes te bely, hulle lewens oor te gee, hulle toe te wy en God te dank en te prys vir wie Hy is en wat Hy gedoen het en nog doen. Daarom is ware aanbidding 'n saak van die hart en deel van die daaglikse lewenspatroon van Christene.

(4) Die nederigheid waarmee Christene aanbid.

Johannes 4:23 sê dat God mense soek wat Hom in gees en waarheid aanbid. Dit beteken nie dat mense hulleself tot sulke aanbidders maak nie, maar dat God daarna verlang om Christene tot sulke aanbidders te maak! God die Vader het

die inisiatief geneem deur die verlossing van mense (Lukas 19:10). Hy neem ook die inisiatief om hulle verlossing te voltooi (Filippense 1:6) deur verlore mense te verander in mense wat God in gees en waarheid aanbid.

4:27

Vraag 2. Waarom was die dissipels verbaas dat Jesus Christus met 'n vrou praat?

Aantekeninge.

In Johannes 4:27 was die dissipels verbaas dat Jesus met 'n vrou praat, omdat die Joodse rabbis geleer het dat geen man in die straat met 'n vrou mag praat nie, selfs nie met sy eie vrou nie."

Godsdienstige leiers lê soms swaar laste op vrouens. Één godsdienstige leer dat "die vrou gemaak is vir die plesier van die man". Vrouens is daar om hulle mans tevrede te stel; vrouens moet bepaalde godsdienstige klededrag dra, en hulle moet tuis bly. Manne mag nie met ander vrouens praat nie; manne mag meer as één vrou hê; mans mag vir enige rede van hulle vrouens skei; mans mag hulle vrouens slaan; en selfs hul vrouens doodmaak!

Jesus het die kultuur in die wêreld m.b.t. vrouens verander! Hy het geleer wat ware emansipasie van vrouens beteken. Dit beteken nie dat mense die verskille wat God tussen mans en vrouens geskep het, ignoreer nie. Dit beteken ook nie dat Christene die verskillende funksies van mans en vrouens in die huwelik en in die Kerk eenkant toe moet skuif nie. In God se oë is die siel van 'n vrou net so kosbaar as dié van 'n man (Galasiërs 3:28). Haar bydrae tuis en in die Kerk is net so belangrik. Haar waarde en waardigheid in die maatskappy moet dieselfde wees. Die motiewe van Jesus m.b.t. vrouens was altyd suiwer en eerbaar. Hoewel sy dissipels verbaas was dat Hy met 'n vrou gepraat het, het niemand Hom gevra: "Wat wil U van haar hê nie?" Die antwoord sou wees: "'n Bietjie drinkwater." Niemand het gevra: "Waaroor praat U met haar?" nie. Die antwoord sou wees: "Oor die lewendende water!" Jesus het vrouens altyd met respek en vriendelikheid behandel.

4:35-38

Vraag 3. Wat leer Jesus oor die verhouding tussen die mense wat saai en die mense wat oes?

Aantekeninge.

(1) Die saaiers in hierdie Bybelgedeelte is Jesus en die Samaritaanse vrou.

Jesus het die siel van hierdie Samaritaanse vrou gewen. Op haar beurt het sy gegaan om die siele van haar mede stadsbewoners te wen. Toe sy ongeveer tien minute later in die stad aankom, het sy nie gesê dat Jesus die Messias was nie, maar het die mense uitgedaag om self die saak te ondersoek. Sy het vir hulle gesê wat Jesus vir sy eerste twee dissipels gesê het: "Kom saam, dan sal julle sien!". "Hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus (die Messias) nie?" Net soos alle Jode het ook alle Samaritane die koms van die Profeet uit Deuteronomium 18:18-19 verwag. 'n Skare mense het toe uit die stad gegaan op soek na Jesus.

(2) Die geestelike oes het geen spesifieke seisoen nie.

Intussen het Jesus vir sy dissipels gesê: "Sê julle nie: Nog vier maande, dan is die oes daar, nie?" Die graanoes was eers vier maande later in April. Dus het Jesus in ongeveer Desember 27 n.C. met die Samaritaanse vrou gepraat. Toe was die graanoes nog lank nie ryp om geoes te word nie.

Maar die geestelike oes van mense het geen spesifieke tyd vir oes nie! Dit is altyd ryp vir die oes! Daar was byna geen tydverloop tussen die saad (van die evangelie Woord) saai en die oes (vir die ewige lewe) insamel nie! Jesus het die lang tou mense uit die stad oor die velde aangeloop sien kom. Hy het gesê: "Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes." Jesus het bedoel dat sy dissipels hierdie skare mense moes beskou as die oes wat in sy koninkryk ingebring moes word! Dan gaan die profesie in Amos 9:13 in vervulling, "Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat daar direk na die oes geploeg sal word en dat daar direk na die saaiyd gepars sal word!" Daar sal geen tyd meer wees tussen saai en oes nie!

(3) Die mense wat oes in hierdie Bybelgedeelte is die dissipels.

In Johannes 4:37-38 sê Jesus: "Hier is die gesegde waar: 'Die een saai, en die ander een maai.' Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid." Beide Jesus en die Samaritaanse vrou het met die Samaritane gepraat: Jesus het indirek, deur die vrou, met hulle gepraat en sy het direk met haar stadsgenote gepraat. Nou stuur Jesus sy dissipels uit om die oes vir die ewige lewe in te bring.

(4) Op geestelike gebied gebeur dit dat 'n persoon oes waar 'n ander persoon al gesaai het.

Die uitspraak van Jesus is waar: "Die één saai, en die ander maai (oes)". Elke arbeider in God se koninkryk is tegelyk die een wat saai en die een wat oes. Hy oes waar 'n ander persoon al gesaai het en hy saai waar 'n ander persoon later gaan oes. Daarom is daar in God se plan altyd 'n oes! Jy het dalk die voorreg om die vreugde te smaak om iemand vir die koninkryk van God in te bring, of jy het die vreugde om te weet dat 'n ander persoon hom of haar in die koninkryk inbring nadat jy die evangelie vertel het! Op hierdie manier is die mense wat saai en die mense wat oes, saam bly. Christene mag altyd aanvaar dat hulle inspanning om te saai nooit tevergeefs is nie! Die apostel Paulus sê in 1 Korintiërs 15:58: "Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie." Dit is 'n vervulling van Jesaja 55:10-11: "Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet. So sal die woord wat uit my mond kom, ook

wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.”

4:44-45

Vraag 4. Waarom gaan Jesus na Galilea, Nasaret waar Hy groot geword het, as Hy weet dat 'n profeet nie daar geëer word nie?

Aantekeninge. Matteus 13:53-58 beskryf hoe Jesus na Nasaret in Galilea gaan en dat Hy deur die mense verwerp word, omdat hulle weet dat Hy daarvandaan kom. Daarop het Jesus gesê: “'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring.” Jesus het groot geword in Galilea. Toe Hy in Jerusalem was, het die mense in Hom geglo, omdat hulle die wondertekens wat Hy gedoen het, gesien het. Maar na die tempelreiniging het Jesus met die Fariseërs in Jerusalem gebots en vertrek Hy na Galilea toe, omdat Hy geweet het dat mense Hom daar nie sou eer op so 'n wyse dat die Fariseërs aanstoot sou neem nie. Jesus het doelbewus 'n vroeë konflik vermy. Die mense in Galilea het Hom ontvang omdat hulle alles gesien het wat Hy in Jerusalem op die fees gedoen het (vers 45), maar hulle het nie in Hom geglo nie (vers 48). Jesus het gesê: “As julle geen teken en wonder sien nie, sal julle beslis nie glo nie”. En toe sê Jesus vir hulle: “Niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie” (Johannes 6:65) “Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie” (Johannes 6:66).

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou saam 'n dinkskrum en maak 'n kort lysie van moontlike toepassings uit Johannes 4:1-54.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK IN JOU LEWE MAAK?

Skryf neer. As jy 'n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudienotaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie.

(Let wel dat hoewel 'n waarheid dieselfde bly, kan daar moontlik 'n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid wees. Hier volg 'n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Johannes 4:1-54.

- 4:1. Gaan en maak dissipels soos Jesus dit gedoen het (Matteus 28:19).
- 4:7. Neem die inisiatief en maak kontak met mense deur hulle 'n guns te vra of 'n guns te bewys.
- 4:10. Wek die nuuskierigheid van mense op deur hulle te vertel wat God hulle kan gee.
- 4:13-14. Stimuleer die verlange van mense vir geestelike werklikhede deur die geestelike werklikhede met materiële werklikhede te vergelyk.
- 4:16-18. Wek 'n opregte verlange na verlossing deur mense te help om hulle sondes (afgode, verslawings) raak te sien.
- 4:19. Maak bietjie vir bietjie aan mense bekend Wie Jesus Christus is, sodat jy hulle nie met te veel inligting oorweldig nie.
- 4:21-24. Aanbid God met die regte houding van jou verstand. Aanbid God op grond van die waarheid soos Hy dit in die Bybel geopenbaar het.
- 4:21-24. Aanbid God met die regte houding in jou gees. Aanbid God nie met uiterlike seremonies nie, maar met 'n opregte hart.
- 4:27. Behandel vrouens op dieselfde wyse as mans, d.w.s. met respek en sonder om te diskrimineer.
- 4:32,34. Eet gewone voedsel, maar moenie die eet van geestelike voedsel (die doen en uitvoer van God se wil vir jou lewe) verwaarloos nie.
- 4:37-38. Saai die evangelie waar jy kan en maai (oes) ook waar jy kan.
- 4:42. Maak seker dat jou geloof in Jesus Christus nie gebou is op wat ander mense of ander godsdienste van Jesus sê nie, maar op jou persoonlike oortuiging oor Jesus Christus en jou persoonlike verhouding met Jesus Christus.
- 4:44. Wanneer jy nie as verkondiger van die evangelie in 'n stad ontvang word nie, gaan dan na 'n ander stad toe (Matteus 10:11-15).
- 4:48-53. Aanvaar die feit dat jy baie geseënd is wanneer jy Jesus of sy wondertekens nie gesien het nie en tóg in Hom glo (vers 29).

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Johannes 4:1-54.

Ek wil iemand wees wat God se plan vir my lewe volbring. Ek het goed begin deur in Jesus Christus te glo. Nou wil ek Hom bly vertrou en my Godgegewe taak volbring ongeag die moeilikhede wat op my pad mag kom. Jesus het gesê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.”

Ek wil bly wees oor elke kans wat ek kry om die evangelie te saai, selfs al sou ek niemand oes nie. Ek wil tevrede wees met sy plan vir my lewe. Ongeag of ek saai of maai/oes, ek weet dat daar altyd 'n oes sal wees! Die mense wat saai en die mense wat maai, sal saam bly wees!

STAP 5. BID.**REAKSIE**

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Johannes 4:1 - 54.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur maar één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

[VOORBIDDING]

BID VIR ANDERE

As daar tyd is gaan voort met bid in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

[OPDRAGTE]

VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Johannes 4 saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit 2 Korintiërs 11 - 13. Maak gebruik van die uitgekose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelvers: (1) Beide gelowiges. 2 Korintiërs 6:14. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
6. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.